# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 3 JULIE 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Visser (4)

### DOOP VANDAG

- Stefan en Joy Bezuidenhout, laat doop vir Hendricus Daniël Bezuidenhout.
- Jürgen en Nicole Geyer, laat doop vir Jana Geyer.
- Dieter en Leigh-Ann Kroneberg, laat doop vir Elijah Kroneberg.
- Dean en Chanelle Leibbrandt, laat doop vir Dèhan George Leibbrandt
- Heinrich en Kirsten Reynecke, laat doop vir Riley Reynecke.
- Corne en Marchelle Taljaard, laat doop vir Luka Erik Taljaard.
- Johan en Janeska van Dyk, laat doop vir Lia van Dyk.

### VOORBIDDING VIR UITREIKE

Doen asseblief voorbidding vir ons uitreikspan wat tans in Leeu-Gamka werksaam is. Ons bid dat hulle veilig sal terug reis.

### WELKOM AAN MARIUS EN PAULINE

Dit is vir ons 'n voorreg om ds. Marius Schoombie, nuwe voltydse leraar vir die jeug en sy vrou, Pauline, in Stellenberg te verwelkom. Hy word op Sondag 24 Julie tydens die Relevantdiens om 18:00 in die kerk voorgestel.

### SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor 'n paar skatte van onskatbare waarde op. Daar sal ook 'n lekker verskeidenheid eetgoed soos pizza's, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielieste koop wees. Daar is nog net 'n paar uitstalruimtes teen R150 elk beskikbaar en moet so gou moontlik by Lindy, lindy@stellenberg.co.za. bespreek word.

**KONTAK ONS**

021 976 4519

WhatsApp: 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**DEUROFFERS**

Geen deuroffers tydens die skoolvakansie.

## ’N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal. Kom geniet ’n aand vol humor en inspirasie en boonop ’n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm. Kaartjieverkope ten bate van MES Kaapstad. Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## BOUWERK BY DIE SAALKOMPLEKS

Bestaande lokale in die grootsaal word omskep in kantoorruimte vir die nuwe jeugleraar en ’n administratiewe beampte en sal voortaan saam met die jeuglokaal as ’n jeugsentrum benut word. Die muur tussen die ou kafeteria-area en die voorportaal na die nisse word ook verwyder om die kafeteria-area te vergroot. Die ingang na die nisse sal ook mettertyd verskuif word om toeganklikheid na die nisse te vergemaklik.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus ’n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur ’n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 slegs tydens skool-kwartale in die ou kafeteria-area byeen. ’n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.